



Kingswood College Departement Afrikaans

Graad 12 – Prosatoets (Afdeling D – Portefeulje)
(LU 2)(AS'e 2.2, 2.4)

[30 punte]

Eksaminator: Mnr. D. Koen

Moderators: Mnr. T. Scholtz & Me. M. Muller

Instruksies:

1. Beantwoord **ALLE** vrae.
2. Skryf asseblief netjies en leesbaar.
3. Die DIALOOG moet op die **ANTWOORDBLAD** beantwoord word.
(Addendum A)
4. Sterkte!



(blaaï asseblief om...)

Vraag 1 – Dialoog

Beantwoord asseblief die onderstaande vraag op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

Die volgende dialoog is gebaseer op *Lien se lankstaanskoene* deur Derick van der Walt.



Christien Jooste is 'n vrou met 'n geknakte gees. Sy het baie probleme en is ongelukkig met haar lewe.

Sy besluit om 'n sielkundige te gaan spreek. Tydens haar eerste sessie by die sielkundige vra dr. Naidoo vir haar 'n paar vrae.

Skryf 'n gepaste respons gebaseer op die roman vir elkeen van dr. Naidoo se vrae aan Christien. (Onthou om van die direkte rede gebruik te maak!)

Dr. Naidoo: “Christien, dankie dat jy die vrymoedigheid gehad het om jou probleme met my te kom bespreek. Jy het voorheen aan my genoem dat jy 'n alkoholis is. Kan jy vir my sê waarom jy alkohol misbruik?”

1.1. **Christien:** “...” (1)

Dr. Naidoo: “Wat doen jy, behalwe om alkohol te drink, wanneer jy wil ontvlug?”

1.2. **Christien:** “...” (1)

Dr. Naidoo: “Het jy op die oomblik 'n werk? Indien wel, waar werk jy?”

1.3. **Christien:** “...” (1)

(blaai asseblief om...)

Dr Naidoo: “Jy en Bets kom goed oor die weg. Watter film het julle een aand saam gekyk?”

1.4. **Christien:** “...” (1)

Dr. Naidoo: “Watter **twee persone** het jou ooreed om jousef vir behandeling by ’n kliniek in te boek?”

1.5. **Christien:** “...” (2 x ½)

Dr. Naidoo: “Jy het vroeër aan my genoem dat jy baie musikaal is. Watter musiekinstrument bespeel jy?”

1.6. **Christien:** “...” (1)

Dr. Naidoo: “Watter komponis se klavierkonsert het jy altyd vir jou dogter, Lien, gespeel toe sy klein was?”

1.7. **Christien:** “...” (1)

Dr. Naidoo: “Waarom dink jy is Lien kwaad vir jou? Noem vir my enige DRIE goeie redes.

1.8. **Christien:** “...” (3)

[10]

Vraag 2 – Kontekstuele vrae

2.1. Watter ooreenkoms is daar tussen Lien Jooste en Sally Swanepoel se ouers? (1)

2.2. Wie is Agie? (1)

2.3. Wat het Lien namens Braam vir Dirkie en Donovan gevra om te doen? (1)

2.4. Watter karakter se rol gaan Lien in *The Breakfast Club* vertolk? (1)

2.5. Wat is Lien se verwantskap met oom Frank en tannie Poppie? (1)

[5]

(blaaï asseblief om...)

Vraag 3 - Paragraafvraag

Skryf 'n paragraaf (**180 - 200 woorde**) waarin jy skryf oor die eerste twee dae waarop Lien langs die straat gestaan en bedel het.



- Hoe voel Lien oor die eerste dag waarop sy langs die pad gestaan en bedel het? (2)
- Hoe voel Lien oor die geld wat sy verdien het? (1)
- Wat is die twee ander bedelaars se name? (2)
- Hoe voel sy oor die twee ander bedelaars wat sy langs die pad ontmoet het? (2)
- Noudat Lien 'n dag langs die straat gestaan het, weet sy wat sy die volgende dag gaan nodig hê. Hoe voel sy oor die skoene wat sy aan die einde van die dag by *Pep Stores* gekoop het en watter ander dinge wil sy verander? (2)
- Wat staan op Lien se plakkaat geskryf? (2)
- Watter raad het Roos vir Lien omtrent haar plakkaat gegee? (1)
- Noem **DRIE** redes waarom Lien geld as bedelaar moet verdien. (3)

[15]

=====

TOTAAL: [30 PUNTE]

ADDENDUM A

ANTWOORDBLAD

NAAM:

GROOTTOTAAL: / 30

NB: Kram hierdie bladsy VOORAAN jou antwoordstel vas.

1.1.

.....

1.2.

.....

1.3.

.....

1.4.

.....

1.5.

.....

1.6.

.....

1.7.

.....

1.8.

.....

Totaal: / 10